UNAM
UNIVERSITY OF NAMIBIA

| | |
|---|---|
| **FACULTY** | **EDUCATION AND HUMAN SCIENCES** |
| **SCHOOL** | EDUCATION |
| **DEPARTMENT** | EARLY CHILDHOOD EDUCATION AND CARE |
| **MODULE** | AFRIKAANS LANGUAGE AND LITERACY STUDIES |
| **MODULE CODE** | E3663CA |
| **DATE** | NOVEMBER 2025 |
| **DURATION** | 3 HRS MARKS: 100 |

**FIRST OPPORTUNITY EXAMINATION**

**EXAMINER:** Dr. Jessica Jansen (University of Namibia)

**EXTERNAL MODERATOR:** Mrs Mariska Ellis (University of Pretoria)

**<u>INSTRUCTIONS TO CANDIDATE:</u>**

1. **This question paper consists of five (5) pages including the cover page.**
2. **Answer ALL the questions.**
3. **Number your questions correctly.**
4. **Read the questions carefully before you answer.**
5. **Please note that cheating in the examination will result in a fail.**

**UNIVERSITY OF NAMIBIA EXAMINATION QUESTION PAPER**

**Vraag 1**
**Definieer die volgende terme en gee 'n gepaste voorbeeld van elk soos dit toegepas kan word in die onderrig van Afrikaans. [12]**

1.1 IKT

1.2 Nativisme

1.3 Herroeping

1.4 Gebalanseerde benadering tot lees

**Vraag 2**
**Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Dui net die nommer en korrekte antwoord aan bv. 2.1. Onwaar.**

2.1.1. Transtaal beskryf hoe twee en veeltalige persone hul linguistiese hulpbronne gebruik om sin te maak en om met mekaar te kommunikeer.

2.2. Ruimtelike oriëntasie is nie belangrik vir die aanleer van lees en skryfvaardighede nie.

2.3. Wanneer leerders handskrifvaardighede bemeester, bevorder dit verdere leer.

2.4. Luister is die beginpunt van natuurlike taalverwerwing.

2.5. In die Pre – Primêre jaar word die leerlinge skrifpatrone en korrekte lettervorming aangeleer.

2.6. Die leerdoelwit is dit wat leerders aan die einde van die les moet bereik.

2.7. Eenvoudige luister behels dat luisteraars interpreteer wat hulle hoor.

2.8. TFR laat leerders toe om die kinestetiese sensoriese stelsel te gebruik. **[8]**

Blaai asseblief om

**VRAAG 3**

**Pas elke beskrywing by die toepaslike term. Skryf slegs die ooreenstemmeende letter neer. Bv. *3.1 D*** **[10]**

| Term | Beskrywing | Antwoord bv. F |
|---|---|---|
| 3.1 Koöperatiewe spel | A. dui op die vermoë om visuele inligting aan te vul en te voltooi wanneer sekere gedeeltes ontbreek. | |
| 3.2 Assosiatiewe spel | B. dui op die bewustheid van elke kant van die liggaam. | |
| 3.3 Ouditiewe sintese | C. Kinders speel saam met mekaar en almal neem aan dieselfde speletjie deel. | |
| 3.4 Ruimtelike oriëntasie | D. verwys na die beginfase wanneer die kind leer lees. | |
| 3.5 Ouditiewe persepsie | E. Die vermoë om klanke of lettergrepe te kan saamvoeg tot betekenisvolle woorde. | |
| 3.6 Sosiale spel | F. is die vermoë om ooreenkomste en verskille waar te neem. | |
| 3.7 Lateraliteit | G. Ontwikkel interaksie met ander kinders, die kind leer toegewings maak en om ander kinders in ag te neem. | |
| 3.8 Visuele sluiting | H. die vermoë om te onthou wat gehoor is, asook die korrekte volgorde waarin klank waargeneem word. | |
| 3.9. Funksionele spel | I. verwys na die vermoë om die verhouding van 'n voorwerp tot die waarnemer waar te neem. | |
| 3.10 Ouditiewe geheue | J. die vermoë om die aandag op 'n spesifieke voorwerp of aspek te fokus. | |
| | K. Die kind speel op sy/ haar eie maar het interaksie met kinders langs/ hom haar bv. die kind vra vrae. Die kinders speel egter nie met mekaar nie. | |
| | L. die verkryging en interpretering van inligting deur gehoor. | |
| | M. Dit word gekenmerk deur herhalings, manipulering van objekte en nabootsing. | |

## Vraag 4: LEES

**Lees die volgende teks. In sommige vrae word die teks as uitgangspunt gebruik. Beantwoord in volsinne, behalwe waar anders vermeld.**

**Allenig moet ek bed toe gaan** **JvB**

Allenig moet ek bed toe gaan
Dis donker in die gang
Ek sal niemand vra om saam te loop
Hul' sê reeds ek is bang

Daars hy in die hoekie weer
Sy ARMS sal my gryp!
En "Mammie, Mammie," skree ek hard
"Die donker wil my knyp!"

En toe vat ma my handjie vas
en lei my deur die gang.
Die skelm was my eie jas
wat aan die kapstok hang.

4.1. Waarom word hierdie teks beskou as geskik vir die JP-fase? (5)

4.2. Hoe kan jy Transtaal in die klaskamer gebruik? (5)

4.3 Beskryf *vyf* maniere om leesbegrip in die junior primêre klas te ontwikkel. (5)

4.5. Hoekom is die voorlees van stories so belangrik in die Afrikaans klas? (5)

4.6. Omskryf die begrip begeleide lees en verduidelik kortliks hoe jy dit in jou klas gaan implementeer. (5)

**[25]**

## Vraag 5: SKRYF

5.1 Stel vyf praktiese oefeninge voor om fyn motoriese spiere te ontwikkel. (5)

5.2 Maak 'n lysie van die aspekte wat jy sal aandag gee wanneer jy terugvoering gee op leerders se kreatiewe skryfwerk. (5)

5.3 Maak 'n lysie van VYF maniere wat gebruik kan word om leerders te help om idees vir kreatiewe skryfwerk te kry. (5)

5.4 Kom ons lees wat sê die taalsillabus oor skryfvaardighede:

> Leerders moet daagliks doelgerigte en betekenisvolle skryfwerk in Afrikaans doen om goeie handskrifvaardighede te ontwikkel, skryfgewoontes, spelvaardighede en -metodes en kreatiwiteit te vestig, en om hulle voor te berei vir die eise wat die volgende jare aan hulle gaan stel.
>
> Hulle moet leer om hulle eie werk na te gaan en kwaliteit werk te lewer. Handskrifvaardighede moet pertinent onderrig word in gereelde handskriflesse en ook voortdurend aandag geniet in alle ander vakke wanneer nodig.
>
> *Eerstetaalsillabus vir Afrikaans, Grade 1 –3, p. 5*

Noem nou *twee* metodes (**modelleer skryf** en **skryf in pare**) wat jy kan gebruik om leerders te onderrig in skryfvaardighede. (10)

**[25]**

**Vraag 6: KLASKAMERPRAKTYK**

6.1 Verduidelik breedvoerig wat word bedoel met 'n tematiese, geïntegreede en kontekstuele benadering tot onderwys in Namibië? (7)

6.2 Tabuleer die voor- en nadele van IKT in die taalklas. (8)

6.3 Wat behels die taalbeleid van Namibië? (5)

**[20]**

**Totaal: 100**